

GEDRAGSKODE VIR LANGENHOVEN GIMNASIUM

1. AANHEF

Reeds vanaf sy eerste bestaansjaar lewer *Langenhoven Gimnasium* jaarliks jong volwassenes wat hul plek in die samelewing volstaan. Nie net is hierdie jongmense akademies toegerus nie, maar ook emosioneel en sosiaal aangepas om die uitdagings van die buitewêreld met durf en waagmoed aan te pak.

Die gemeenskap en onderwyspersoneel verwag dat 'n leerder van *Langenhoven Gimnasium* netjies, goed gemanierd, beleefd, stiptelik, getrou en eerlik sal wees. *Langenhoven Gimnasium* sal dus sy visie van uitnemende toekomsgerigte onderwys nakom en steeds met trots leerders oplei om hul roeping te vervul met die wete "Ons strewe na uitnemendheid". Aangesien die Beheerliggaam wetlik verplig is om 'n gedragskode vir *Langenhoven Gimnasium* op te stel en aangesien die Beheerliggaam begerig is om die regte van alle leerders, ouers en opvoeders binne skoolverband te beskerm, is hierdie gedragskode deur die Beheerliggaam, na raadpleging met die belanghebbende rolspelers, aanvaar. Die gedragskode is onderhewig aan die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 1996 (Wet 108 van 1996), die SA Skolewet 1996 (Wet 84 van 1996), die Wet op Skoolonderwys 1995 (Wet 6 van 1995) vir die provinsie Wes-Kaap en regulasies daar kragtens uitgevaardig.

In hierdie kode, tensy dit met die konteks onverstaanbaar is, beteken "aanklaer" die hoof, of 'n opvoeder wat deur die Hoof aangestel is, wat die saak teen 'n leerder moet voortbring.

- **"Aanranding"** daadwerklike of dreigende optrede van enige persoon teenoor enige ander persoon of persone, wat enige vorm van besering, hetsy fisies en of psigies insluit. In gevalle van dreigement kan die dreigement mondelings, skriftelik, by wyse van gebaar en of elektronies oorgedra word. Alle vorms van bakleiery sal dus aanranding daarstel.
- **"Beheerliggaam"** die Beheerliggaam van die skool.
- **"Besit"** daadwerklike besit en of in die beheer van enige artikel.
- **"Departementshoof"** die hoof van die departement verantwoordelik vir onderwys in Wes-Kaap.
- **"Dispuutbeslegtingskomitee"** 'n komitee wat deur die Beheerliggaam aangestel is om oor dispute rakende die vertolking van die kode tussen leerders en opvoeders te besleg.
- **"Dissiplinêre Komitee"** 'n komitee wat deur die Beheerliggaam aangestel is om 'n aanklag van beweerde ernstige wangedrag, wat teen 'n leerder aanhangig gemaak is, te besleg.
- **"Ernstige wangedrag"** wangedrag soos in Skedules 1 en 2 uiteengesit.
- **"Hoof"** die persoon wat in die pos van hoof by die skool aangestel is of 'n persoon wat in daardie pos waarneem.
- **"Kode"** die gedragskode van die skool.
- **"Leerder"** enige persoon wat as leerder by die skool geregistreer is.
- **"Nasionale Wet"** die SA Skolewet 1996 (Wet 84 van 1996), 5005 gewysig.
- **"Ondersoekbeampte"** 'n bevoegde persoon, aangestel deur die hoof om 'n bewering of vermoede van ernstige wangedrag te ondersoek.
- **"Opvoeder"** 'n persoon wat wetlik as sodanig by die skool aangestel is.
- **"Ouer"** die wettige ouer of voog van die leerder. Dit is ook die persoon wat wetlik die plig van bewaring en versorging van die leerder nakom. Dit verwys ook na die persoon wat onderneem om die verpligtinge van die ouer of voog van die leerder, se skoolopvoeding na te kom.
- **"Personeellid"** enige persoon wat in diens van die skool is.
- **"Persoon"** is enige persoon, hetsy 'n natuurlike persoon of 'n juridiese persoon, met of sonder regs persoonlikheid .
- **"Provinsiale Wet"** die Wet op Skoolonderwys, 1995 (Wet 6 van 1995).
- **"Regulasies"** die regulasies uitgevaardig ingevolge die Nasionale Wet of die Provinsiale Wet II "Skool" *Langenhoven Gimnasium*, as openbare skool.
- **"Skoolaktiwiteit"** is enige aktiwiteit verrig deur enige leerder en of opvoeder en of deur enige ander persoon op die skoolperseel tydens 'n aktiwiteit waarby die skool betrokke is.
- **"Skooldae"** weekdae, uitgesluit Saterdag, Sondag, openbare vakansiedae en skoolvakansies.

- **"Skorsing" en "geskors"** dat 'n leerder nie daarop geregtig mag wees om:
 - a) 'n klas by die skool by te woon nie;
 - b) gedurende die tydperk van skorsing, 'n amp te beklee of enige funksies of werksaamhede, soos beoog deur enige toepaslike wetgewing en wat met die bestuur van die skool verband hou, te verrig nie;
 - c) aan buite-kurrikulêre aktiwiteite van die skool deel te neem nie; of
 - d) skool vir 'n tydperk van hoogstens 5 skooldae by te woon nie.
- **"Tydelike skorsing"** dat die Hoof 'n leerder tydelik kan skors vanaf die tydstip dat 'n klagte van ernstige wangedrag teen 'n leerder aanhangig gemaak is, totdat die uitslag van 'n billike verhoor deur die dissiplinêre komitee gefinaliseer is, indien dit volgens die mening van die Hoof, in oorleg met die Departementshoof, in belang van die leerder of opvoeders en die skoolgemeenskap geag word; onderhewig aan die voorwaarde dat die leerder in staat moet wees om, onder behoorlike toesig, met sy skoolwerk voort te kan gaan.
- **"Uitsetting"** die permanente beëindiging van 'n leerder se toelating as leerder tot die skool deur die Departementshoof.
- **"verteenwoordiger"** 'n leerder se ouer, mede-leerder of enige ander persoon wat deur die leerder gekies is, om hom of haar by 'n dissiplinêre verhoor te verteenwoordig.
- **"wangedrag"** wangedrag wat deur 'n leerder gepleeg word, wat die volgende insluit, maar nie daartoe beperk is nie:
 - (a) wangedrag wat op die perseel van die skool gepleeg word, hetsy gedurende of na skoolure;
 - (b) wangedrag wat gedurende enige skoolaktiwiteit gepleeg word ongeag of dit binne of buite die perseel van die skool is en of dit gedurende of na skoolure plaasvind;
 - (c) enige gedrag wat in of uit skooluniform, binne of buite die skoolperseel gepleeg word, wat:
 - (i) geneig is om die skool 'n slegte naam te gee of in diskrediet te bring;
 - (ii) met die beheer, gesag en behoorlike administrasie van die skool inmeng;
 - (iii) met die voorwaardes wat vir enige skoolaktiwiteit nodig is, inmeng;
 - (iv) onderhewig aan die redelike uitoefening van die reg om te vergader, te betoog en petisies op te stel, gepleeg word met die bedoeling om enige persoon daarvan te weerhou om sy of haar regte, magte of pligte as lid van die skoolgemeenskap uit te oefen, of wat gepleeg word as vergelding teen sodanige uitoefening; of
 - (v) deur die kode van die skool verbied word.
- **"wapen"** enige voorwerp waarmee skade en of besering aan enige persoon aangerig kan word en sluit in gevaarlike wapens en ook vuurwapens.

2. OOGMERKE EN BEGINSELS WAAROP DIE GERDRAGSKODE BERUS

Die leerders en hul ouers asook opvoeders van *Langenhoven Gimnasium*, verbind hul tot die volgende beginsels waarop die kode berus:

- Christelike waardes
- Integriteit (volledige eerlikheid)
- Selfdissipline
- Deursettingsvermoë
- Produktiwiteit
- Lojaliteit

Die leerders en hul ouers asook opvoeders van *Langenhoven Gimnasium*, verbind hul tot die volgende oogmerke waarop die kode berus:

- Effektiewe onderrig, deur die skep van 'n positiewe leerkultuur.
- Wedersydse respek en verdraagsaamheid te ontwikkel en te bevorder – binne die skool, tussen personeel en die ouergemeenskap.
- Die vestiging van 'n veilige leeromgewing wat die nodige sekuriteit teen enige vorm van ontwrigting **bied**.
- Dissipline en orde binne die skool te bevorder en sodoende effektiewe onderrig te laat plaasvind.
- Dissiplinêre optrede sal deurgaans billik en konsekwent toegepas word. Dit sal primêr op remediërende en korrektiewe optrede eerder as straf, gerig wees.
- Die leerder in geheel te ontwikkel en tot volwassenheid te begelei.

3. WETLIKE ASPEKTE

Alle wetlike bepalings rakende die kode en wangedrag, asook amptelike beleid, moet deurgaans deur die skool en elkeen wat met die toepassing daarvan gemoeid is, nagekom word.

4. KLASSIFIKASIE VAN WANGEDRAG

4.1 Tipes wangedrag

Vir doeleindes van die kode word daar onderskei tussen algemene wangedrag, ernstige wangedrag (Skedule 1) en meer ernstige wangedrag (Skedule 2).

4.2 Algemene wangedrag

Alhoewel nie daartoe beperk nie, word optrede en versuim van leerders waarvoor debiete, volgens die strafstelsel, toegeken kan word, as algemene wangedrag beskou.

4.3 Ernstige wangedrag (Skedule 1)

'n Leerder sal aan ernstige wangedrag skuldig wees indien hy of sy opsetlik en sonder 'n geldige verskoning:

- a) Die onderrig- of leerproses in 'n klas ernstig bedreig, ontwig of frustreer.
- b) Aan sameswering deelneem om die behoorlike funksionering van die skool d.m.v. kollektiewe optrede ontwig.
- c) Die menswaardigheid van 'n leerder of enige ander persoon aantast of belaster, wat ook rassistiese opmerkings kan insluit.
- d) In besit van enige toets- of eksamenmateriaal is wat 'n persoon in staat kan stel om 'n onbillike voordeel in 'n toets of eksamen te kry, of sodanige materiaal versprei.
- e) In 'n toets of eksamen of enige ander vorm van assessering soos werkopdragte, oneerlik optree.
- f) Op enige wyse onweloweglik in die openbaar optree, wat taalgebruik insluit.
- g) In die besit van enige pornografiese materiaal gevind word, of sodanige materiaal versprei.
- h) Die maksimum voorgeskrewe debiete volgens die strafstelsel-verslag behaal.
- i) Enige poging, sameswering, uitlokking of hulpverlening om ernstige wangedrag soos hier genoem te pleeg.

4.4 Ernstige wangedrag (Skedule 2)

- a) 'n Leerder sal aan ernstige wangedrag skuldig wees indien hy of sy:
- b) Skuldig bevind word aan ernstige wangedrag (Skedule 1), nadat hy of sy reeds by 'n vorige geleentheid aan dieselfde of soortgelyke ernstige wangedrag skuldig bevind is;
- c) Versuim om aan 'n straf van opskorting as korrektiewe maatreël te voldoen; of
- d) Opsetlik en sonder 'n geldige verskoning:
 - (i) Enige dokument of handtekening vervals tot werklike of potensiële nadeel van die skool en of enige ander persoon.
 - (ii) Handel dryf met enige toets- of eksamenmateriaal of enige toets- of eksamenmateriaal.
 - (iii) Enige persoon omkoop of probeer omkoop t.o.v. enige toets of eksamen, om homself of haarself of 'n ander persoon in staat te stel om 'n onregverdig voordeel daardeur te verkry.
 - (iv) Hom of haar aan bedrog skuldig maak of op 'n bedrieglike wyse optree.
 - (v) Hom of haar aan diefstal skuldig maak, of andersins tot nadeel van 'n ander persoon oneerlik optree.
 - (vi) Enige onwettige of ander skadelike midde, besit, dit gebruik of daarmee handel dryf.
 - (vii) Ook op grond van sigbare getuienis, enige narkotiese of ongemagtigde verdowingsmiddel besit, gebruik of beskikbaar stel.
 - (viii) Onder die invloed van alkohol is, of alkohol besit.
 - (ix) In besit of in beheer van enige gevaarlike wapen is.
 - (ix) Enige ander persoon seksueel teister of lastig val en of betas.
 - (x) Enige ander persoon afknou ("boelie").

- (xi) Enige ander persoon aanrand of dreig om iemand aan te rand en of fisies en of psigies te benadeel.
- (xii) Enige persoon as gyselaar aanhou.
- (xiii) Enige persoon vermoor.
- (xiv) Enige ander persoon verkrag of betrokke wees in enige seksuele aktiwiteite wat 'n misdryf is.
- (xv) Enige persoon of die skool se eiendom kwaadwillig beskadig.
- (xvi) Enige poging, sameswering, uitlokking, hulpverlening om ernstige wangedrag soos hier genoem, te pleeg of om teenwoordig te wees en dit nie aan te meld nie.
- (xvii) Enige handeling pleeg wat deur enige wet van die Republiek en of deur die Gemenebest, as misdaad omskryf word.

5. AARD VAN DISSIPLINÊRE STAPPE EN SANKSIES

Vir die uiteensetting van die onderskeie stappe en optrede wat ten opsigte van die verskillende kategorieë van wangedrag geneem en oorweeg kan word, raadpleeg Bylae A (Wangedraglys) en Bylae B (Stafstelsel: Sanksies). Behalwe vir berading en ontneming van voorregte wat volgens diskresie as bykomende stappe of optrede soos in Bylae A en B aangetoon, nougeset nagekom en geneem word.

6. PROSEDURE IN VERBAND MET WANGEDRAG

6.1 Aanmelding en hantering van algemene wangedrag.

Indien 'n leerder hom of haar aan algemene wangedrag skuldig maak, moet dit aan die registervoog gerapporteer word, wat verder met die saak moet handel, tensy die wangedrag in teenwoordigheid van 'n opvoeder gepleeg of deur laasgenoemde ontdek word, in welke geval sodanige opvoeder die saak verder moet hanteer. Tensy die leerder 'n redelike verduideliking vir sy optrede of versuim kan gee wat die effek het dat hy/sy nie vir die oortreding blameer kan word nie, in welke geval verdere stappe nie nodig geag word nie, moet 'n debiet volgens Bylae A toegeken en op die voorgeskrewe vorm aangetoon word. Vermelde vorm moet ook deur die leerder onderteken word. Indien 'n leerder weier om die vorm te onderteken en ook nie aantoon dat hy/sy verdoel wil rig nie, moet die registervoog of betrokke opvoeder, na gelang van die geval, slegs 'n aantekening op die vorm tot dien effekte maak en die vorm op die gebruikelike wyse vir verdere handeling aan die skoolkantoor besorg.

Daarna moet daar met die aangeleentheid, wat betref korrektiewe optrede, met inagneming van die totale aantal debiete wat in daardie stadium aan die betrokke leerder toegeken is, gehandel word soos aangetoon in Bylae B. Alle debiete wat 'n leerder behaal, mondelingse asook skriftelike waarskuwings, en die uitslag van 'n dissiplinêre verhoor waar relevant, moet onverwyld aan die skoolkantoor gerapporteer word, sodat dit op 'n leerder se gedragstaat aangeteken kan word. Wat die reg van 'n leerder rakende verdoel betref, moet daar op paragraaf 9.2 hieronder gelet word.

6.2 Aanmelding en ondersoek van ernstige en uiters ernstige wangedrag

6.2.1 Indien daar beweer word dat 'n leerder hom of haar aan ernstige wangedrag skuldig gemaak het of indien daar op redelike gronde vermoed word dat 'n leerder sodanige wangedrag gepleeg het, moet die aangeleentheid sonder versuim aan die hoof rapporteer word. Die hoof moet onverwyld die bewerings of vermoede van sodanige wangedrag ondersoek, of laat ondersoek deur 'n bevoegde persoon as ondersoekbeampte aan te wys.

Die hoof of aangewese ondersoekbeampte moet vasstel wanneer, waar en onder watter omstandighede die beweerde wangedrag plaasgevind het. Die hoof of aangewese ondersoekbeampte moet die nodige bewyse (volledige verklarings van getuies ingesluit) bekom om vas te stel of daar gronde vir 'n aanklag van wangedrag teen die betrokke leerder is.

Dit is verkieslik dat die betrokke leerder wat van sodanige beweerde wangedrag verdink word, nie op hierdie stadium met die oog op 'n verduideliking genader word alvorens die voorlopige ondersoek nie afgehandel is nie. Indien die voorlopige ondersoek nie deur die hoof self

behartig is nie, moet die aangewese ondersoekbeampte, na afloop van die voorlopige ondersoek, die nodige getuienis wat bekom is aan die hoof oorhandig.

Die hoof moet die voorlopige getuienis evalueer en indien die getuienis genoegsame gronde met die oog op 'n klag van ernstige wangedrag bevat, moet 'n formele klag van wangedrag deur die hoof geformuleer word welke klag genoegsame besonderhede moet bevat waarop die leerder kan antwoord. Die leerder moet binne drie (3) skooldae na ontvangs van die skriftelike klag, 'n geskrewe erkenning of ontkenning van die klag wat ook 'n verduideliking op die bewering van wangedrag insluit, aan die hoof oorhandig.

- 6.2.2 Indien die leerder skuld op die klag van wangedrag ontken of verkies om nie op die klag van wangedrag te reageer nie, of tensy 'n redelike verduideliking voorsien word wat nie verdere optrede regverdig nie, moet 'n dissiplinêre komitee onverwyld, met die oog op 'n dissiplinêre verhoor, deur die Beheerliggaam, op die wyse soos in die regulasies voorgeskryf, saamgestel word. Die Dissiplinêre Komitee moet uiteindelik, op 'n oorwig van waarskynlikhede, beslis of die leerder hom of haar aan wangedrag, soos aangekla, skuldig gemaak het.
- 6.2.3 Die Dissiplinêre Komitee bestaan uit drie (3) lede en die Beheerliggaam moet 'n ouerlid of gemeenskaplid, wat op die Beheerliggaam dien, as voorsitter van die Dissiplinêre Komitee aanwys. Die oorblywende lede kan ook lede van die Beheerliggaam wees of persone wat kwalifiseer om as lede van die Beheerliggaam verkies te word, met dien verstande dat die hoof of 'n leerder, nie deel van die Dissiplinêre Komitee mag wees nie. 'n Persoon wat persoonlike kennis het van, of 'n persoonlike belang het by enige aangeleentheid wat voor die Dissiplinêre Komitee gaan dien, mag ook nie as lid van die Dissiplinêre Komitee aangewys word nie.
- 6.2.4 Die hoof moet intussen, so spoedig moontlik, 'n kennisgewing van die dissiplinêre verhoor, aan die leerder en sy ouers oorhandig. Die hoof moet ook, indien hy nie self as aanklaer gaan optree nie, 'n opvoeder as aanklaer aanwys om die skool by die dissiplinêre verhoor te verteenwoordig en om die getuienis rakende die bewerings van ernstige wangedrag, aan die Dissiplinêre Komitee voor te hou.
- 6.2.5 'n Leerder wat van ernstige wangedrag aangekla word, is geregtig op 'n dissiplinêre verhoor. Indien 'n leerder skuld op 'n aanklag van wangedrag erken ten opsigte waarvan 'n dissiplinêre verhoor volgens Bylae B gehou moet word, sal die dissiplinêre komitee, indien die leerder se erkenning tydens die dissiplinêre verhoor aanvaar word, se primêre doel daarna slegs wees om 'n gepaste dissiplinêre sanksie op te lê nadat getuienis rakende versagende en verswarende omstandighede aangehoor is. By oorweging van toepaslike korrektiewe optrede teen die leerder, sal, alhoewel nie daartoe beperk nie, die persoonlike omstandighede van die leerder, getuienis oor die leerder se algemene gedrag by die skool in die verlede, die aard en erns van die betrokke wangedrag en belange van die skoolgemeenskap, in ag geneem word.

6.3 Deursoekings

Die skoolhoof of 'n opvoeder beskik oor die wetlike bevoegdheid om enige leerder of eiendom in besit of onder beheer van die leerder te deursoek of te laat deursoek vir 'n gevaarlike wapen, dwelms of 'n verbode middel, gesteelde eiendom of pornografiese materiaal wat op die skoolperseel gebring word, indien toestemming vir die deursoeking deur die leerder se ouer verleen is of indien daar 'n redelike vermoede bestaan dat die leerder sodanige wapen, dwelms, verbode middel, gesteelde eiendom of pornografiese materiaal besit en of onder sy of haar beheer het. ('n Deursoeking mag uitgevoer word ingevolge wette van algemene toepassing, bv. Die Strafproseswet 1977 (Wet 51 van 1977)). Gedurende 'n deursoeking moet die betrokke leerder met waardigheid behandel word en 'n leerder moet deur 'n persoon van dieselfde geslag deursoek word, verkieslik in die teenwoordigheid van ten minste een ander persoon. 'n Verslag moet daarna van die deursoekings-prosedures en die uitslag daarvan opgestel en bewaar word.

7. PROSEDURE MET DISSIPLINÊRE VERHOOR

Die prosedure met betrekking tot dissiplinêre verhore, soos voorgeskryf deur die regulasies, moet streng nagekom word.

- 7.1 Dit behels, onder andere, dat enige leerder wat van ernstige wangedrag aangekla word, wat tot skorsing van skoolbywoning, as 'n korrektiewe maatreël vir hoogstens vyf dae, of uitsetting kan lei, op 'n billike verhoor, ingevolge artikel 9 van die Nasionale Wet, geregtig is. Gedurende die verhoor moet getuienis onder eed of bevestiging afgelê word. Met die oog op 'n dissiplinêre verhoor sal die leerder ten minste vyf dae voor die tyd deur die hoof ingelig word oor die aanklag, waarvan skriftelike kennis op die voorgeskrewe wyse moet geskied, wat ook die datum, tyd en plek van die verhoor moet aandui en daar moet verseker word dat die leerder die aanklag(te) en sy/haar regte verstaan.
- Voldoende besonderhede rakende die datum, plek en aard van die beweerde wangedrag ontvang, waartoe hy of sy ingevolge die regulasies geregtig is, ten einde behoorlik vir die verhoor te kan voorberei.
 - Die geleentheid gebied word om aangehoor te word en sy of haar kant van die saak te stel en om die tersaaklike feite voor te dra.
 - Op verteenwoordiging geregtig te wees en moet die leerder tydens die verhoor deur ten minste een van sy ouers of voogde bygestaan word.
 - Deur 'n onpartydige dissiplinêre komitee aangehoor word.
 - Met waardigheid tydens die proses behandel word.
 - Na die verhoor skriftelik van die besluit van die Beheerliggaam met vermelding van redes, in kennis gestel word asook van die sanksie wat opgelê is, indien die leerder aan ernstige wangedrag skuldig bevind is.
- 7.2 Die Dissiplinêre Komitee moet 'n volledige rekord van die verrigtinge aan die hoof beskikbaar stel. Indien die Dissiplinêre Komitee uitsetting as die gepaste optrede aanbeveel, moet die hoof, op versoek van die Dissiplinêre Komitee, die departementshoof skriftelik daarvan in kennis stel. Die departementshoof kan die Dissiplinêre Komitee se aanbeveling van uitsetting bekragtig of 'n ligter straf soos toegelaat deur die skool se kode, oplê of die leerder weens wangedrag onskuldig bevind. Indien die departementshoof die Dissiplinêre Komitee se aanbeveling van uitsetting bekragtig, kan die leerder en sy of haar ouer teen sodanige beslissing by die betrokke lid van die Uitvoerende Raad appèl aanteken.
- 7.3 'n Leerder mag slegs, met inagneming van die toepaslike voorskrifte, deur die departementshoof permanent uit die skool gesit word.

8. SKORSING EN UITSETTING

Daar moet deurgaans onderskei word tussen tydelike skorsing deur die hoof, in oorleg met die departementshoof op die basis soos in paragraaf 7.1 hierbo omskryf, skorsing van skoolbywoning vir hoogstens vyf dae deur die Dissiplinêre Komitee as korrektiewe maatreël na afhandeling van 'n dissiplinêre verhoor en skorsing deur die Dissiplinêre Komitee, in oorleg met die departementshoof, in afwagting van 'n beslissing deur die departementshoof wat op uitsetting betrekking het. 'n Leerder kan deur die hoof, in oorleg met die departementshoof, tydelik geskors word.

Alvorens sodanige beslissing egter deur die hoof geneem word, moet die leerder en sy verteenwoordiger geleentheid gegun word om skriftelike redes aan te voer waarom tydelike skorsing nie oorweeg behoort te word nie. Na afhandeling van 'n dissiplinêre verhoor kan 'n leerder wat aan ernstige wangedrag skuldig bevind word deur die Dissiplinêre Komitee, sonder tussenkoms van die departementshoof, as 'n korrektiewe maatreël, vir hoogstens vyf dae van skoolbywoning geskors word.

Die prosedure, soos voorgeskryf in die regulasies, wat op die uitsetting van 'n leerder betrekking het, moet streng nagekom word. Indien die Dissiplinêre Komitee beslis dat die leerder uit die skool gesit moet word, moet die Dissiplinêre Komitee 'n aanbeveling in die verband aan die departementshoof maak. Die Dissiplinêre Komitee kan ook die leerder, in afwagting van die departementshoof se beslissing skors.

Indien die departementshoof die aanbeveling van die Dissiplinêre Komitee rakende uitsetting bekragtig, moet die departementshoof stappe neem om te verseker dat die leerder, indien hy of sy nog skoolpligtig is, by 'n ander skool of leersentrum binne die provinsie, geakkommodeer word. Die departementshoof mag ook vereis dat sodanige leerder berading

ontvang en om van vorderingsverslae voorsien te word. Indien 'n leerder egter nie meer skoolpligtig is nie, kan die departementshoof gelas dat die leerder nie by 'n ander skool in die provinsie toegelaat mag word nie.

Sodanige leerder word egter nie verhinder om by 'n skool in 'n ander provinsie, of by enige ander opvoedkundige instelling, onderhewig aan sodanige skool of instelling se toelatingsvereistes, aansoek om toelating met die oog op voortgesette onderrig te doen nie.

9. PROSEDURE BY APPÈL EN VERTOË

- 9.1 Die prosedure met betrekking tot appèl teen 'n beslissing van uitsetting, is soos voorgeskryf deur die betrokke regulasies. indien 'n leerder of sy ouer teen 'n beslissing van uitsetting wil appèlleer, moet sodanige leerder of ouer binne veertien (14) dae, nadat hul skriftelik deur die Departementshoof van die beslissing rakende uitsetting verwittig is, by die betrokke lid van die Uitvoerende Raad, verantwoordelik vir onderwys in die provinsie, skriftelik appèl aanteken.
- 9.2 Die prosedure met betrekking tot appèl teen 'n beslissing van die Dissiplinêre Komitee, is soos voorgeskryf deur die betrokke regulasies. Indien 'n leerder of sy ouer teen 'n beslissing van die Dissiplinêre Komitee wil appèlleer, moet sodanige leerder of ouer binne drie (3) dae, nadat hy/sy van die beslissing van die Dissiplinêre Komitee verwittig is, by die administratiewe kantoor op die voorgeskrewe vorm wat vir die doel beskikbaar is, skriftelik appèl aanteken.
- 9.3 'n Leerder wat vertoë wil rig teen die beslissing van 'n opvoeder rakende algemene wangedrag, ten opsigte waarvan ook debiete toegeken word, moet onverwyld die voorgeskrewe vorm wat vir die doel beskikbaar is, by die algemene kantoor kry. Die vorm word dadelik voltooi en dieselfde dag ingehandig by die graadhoof wat repliek van die opvoeder sal bekom.

Die koördineerder van die strafstelsel se beslissing is finaal en kan slegs deur die hoof hersien word. Indien 'n leerder se vertoë egter gerig is teen 'n beslissing wat deur 'n graadhoof of adjunkhoof gemaak is, moet die vertoë onderskeidelik deur die adjunkhoof of die hoof, na gelang van die geval hersien word. Indien die leerder se vertoë gehandhaaf word, word die aangeleentheid as afgehandel beskou en word debiete wat toegeken is, as gekanselleer beskou. Vir doeleindes van vermeldde vertoë, kan die leerder deur sy ouer of voog ondersteun word.

10. PROSEDURE MET SUMMIERE OPTREDE

Waar 'n leerder deur sy voortgesette teenwoordigheid by die skool, vir watter rede ook al, 'n onmiddellike gevaar en bedreiging vir enige persoon binne skoolverband skep, of binne klasverband die leerproses deur sy of haar optrede op 'n wyse ontwig wat voortsetting van die leerproses onhoudbaar maak, welke gedrag van die leerder op ernstige wangedrag neerkom en volgens die oordeel van die hoof tydelike skorsing regverdig, kan die leerder sonder versuim, dit wil sê sonder dat die leerder eers aangehoor hoef te word, deur die hoof, soos voorgeskryf, tydelik geskors word. 'n Dissiplinêre verhoor moet egter so spoedig moontlik daarna, op die wyse soos voorgeskryf, gehou word.

11. DISPUUTBESLEGTINGSPROSEDURE

- 11.1 Waar daar 'n onopgeloste dispuut bestaan tussen die leerders en die opvoeders van die skool rakende die vertolking van die kode, moet die dagbestuur van die Beheerliggaam 'n dispuutbeslegtingskomitee saamstel om oor die dispuut te beslis.
- 11.2 Die leerder of sy of haar ouer kan 'n skriftelike versoek tot die Beheerliggaam rig om vrygestel te word van die kode en of dele daarvan. So 'n skriftelike versoek moet ondubbelsinnig die volgende aandui:
- Die wyse waarop die leerder verlang om van die kode vrygestel te word.
 - Die religieuse of kulturele of enige ander basis vir die versoek.
 - Of die leerder deel is of nie van 'n erkende religieuse groep of kultuur.
 - Of die deelname aan die kulturele of religieuse bedrywighede verpligtend of vrywillig is.
 - Of die deelname aan religieuse of kulturele bedrywighede voordeel vir die individu inhou.
 - Hoe gesentreerd die deelname of geloof in die leerder se lewe is.

- Hoe die wysiging en of verslapping van die kode die betrokke leerder en ander leerders sal bevoordeel of benadeel.

Sodra die leerder die voorgeskrewe inligting voorsien het, moet die leerder en ouer voor die dispuutbeslegtingskomitee verskyn om die vrystelling te bespreek. Die dispuutbeslegtingskomitee kan voorstelle bespreek om die leerder se versoek te akkommodeer om so min moontlik ontwrigting aan die kode te verseker. Die dispuutbeslegtingskomitee moet voor die genoemde ontmoeting, kundiges op die betrokke gebied oor die aard van die bepaalde praktyk raadpleeg. Die leerder moet hom of haar aan die kode onderwerp tot uitsluitel van die versoek ontvang is. Sodra die dispuutbeslegtingskomitee 'n beslissing gemaak het, moet dit vir goedkeuring aan die Beheerliggaam voorgelê word wat die leerder en ouer skriftelik van die uitslag moet verwittig.

- Die Nasionale Wet, subartikel 1, lui dat 'n gedissiplineerde en doelgerigte skoolomgewing wat toegewy is aan die bevordering en instandhouding van die gehalte van die leerproses gevestig moet word.
- Geen bepaling van die Nasionale Wet, subartikel 4, stel 'n leerder vry van die verpligting om die gedragskode van die skool wat deur sodanige leerder bygewoon word, na te kom nie.

11.3 **Samestelling van die dispuutbeslegtingskomitee**

Die komitee moet bestaan uit vyf (5) lede wat soos volg saamgestel is:

- 'n Leerder verbonde aan die Verteenwoordige Leerlingraad, aangewys deur die leerder(s) wat by die dispuut betrokke is.
- 'n Opvoeder wat deur die hoof aangewys word.
- Die voorsitter van die Beheerliggaam van die skool wat ook as voorsitter van die komitee sal optree.
- Twee (2) addisionele lede van die Beheerliggaam van die skool, wat nie ook opvoeders is nie, wat deur die voorsitter van die Beheerliggaam aangewys word.

12. **GRIEWEPROSEDURES**

'n Leerder wat oor enige aangeleentheid binne skoolverband gegrief voel, moet die voorgeskrewe vorm wat vir die doel by die skoolkantoor beskikbaar is, voltooi en aan sy of haar betrokke registervoog oorhandig. Indien die registervoog nie binne drie (3) skooldae, na ontvangs van die vorm, die grief oplos nie, moet die aangeleentheid na die betrokke graadhoof of hoof van die betrokke departement by die skool, indien die grief vakgerig is, vir aandag verwys word, wat binne drie (3) skooldae, na ontvangs van die vorm die grief moet probeer oplos. Indien onsuksesvol, moet die vorm aan die adjunkhoof, wat deur die hoof aangewys is, oorhandig word.

Indien die adjunkhoof nie die grief binne vyf (5) skooldae na ontvangs van die vorm kan oplos nie, moet die saak na die hoof vir finale beslissing verwys word. Die hoof moet binne vyf (5) skooldae na ontvangs van die vorm oor die aangeleentheid beslis en die leerder skriftelik van sy haar beslissing verwittig. Indien 'n grief teen 'n opvoeder gerig is, mag die opvoeder nie ook die grief hanteer nie, met dien verstande dat die opvoeder wat die grief hanteer, ook eersgenoemde opvoeder se kommentaar moet bekom alvorens 'n beslissing geneem word. Indien die grief teen die hoof of 'n adjunkhoof gerig is, moet die saak deur die Beheerliggaam hanteer word.

13. **VERBOD OP LYFSTRAF**

Lyfstraf is verbode. Toestemming vir lyfstraf is ongeldig en onafdwingbaar. 'n Opvoeder wat lyfstraf toedien op 'n leerder, is ingevolge die nasionale en provinsiale wetgewing skuldig aan 'n misdryf en tree ook ongrondwetlik op.

14. **ERKENNING VIR VOORBEELDIGE GEDRAG EN PRESTASIE**

'n Stelsel wat erkenning verleen vir voorbeeldige gedrag deur leerders binne klas-, skool- en gemeenskapsverband, moet aanvullend tot die kode bestuur word. Insidente wat op vermelde gedrag dui, moet ook by oorweging van versagende omstandighede, met die oog op 'n gepaste sanksie, deur die dissiplinêre komitee in ag geneem word.

15. VORIGE GEVALLE VAN WANGEDRAG

Vorige gevalle van wangedrag moet altyd by oorweging van 'n gepaste sanksie by wangedrag, deur die Dissiplinêre Komitee in ag geneem word. Met uitsondering van ernstige wangedrag, na verloop van twaalf (12) maande, bereken vanaf die datum waarop die wangedrag op die leerder se gedragstaat aangetoon is, vir doeleindes van 'n gepaste sanksie vir daaropvolgende algemene wangedrag, deur die Dissiplinêre Komitee, buite rekening gelaat word.

16. VERANTWOORDELIKHEDE VAN OUERS, OPVOEDERS EN LEERDERS

Ouers van leerders en opvoeders van die skool moet leerders deurgaans ondersteun om binne die gees en oogmerke van die kode op te tree.

16.1 Rol van ouers

- Ouers is primêr verantwoordelik vir kinders (leerders) se dissipline en gedrag.
- **Dit word van ouers verwag om:**
 - Die skool te ondersteun, en van die leerders te vereis om alle skoolreëls te eerbiedig en te gehoorsaam en om verantwoordelikheid vir die leerders se wangedrag te aanvaar.
 - In geval van wangedrag, die betrokke leerder aan te moedig tot 'n aanvaarbare en positiewe standaard van gedrag en om enige program van leiding of berading wat die skool in die verband organiseer en of inisieer, te ondersteun.
 - Die skool se beradingsdiens met vrymoedigheid te nader in gevalle waar 'n leerder tekens van afwykende gedrag by die huis toon, sodat 'n program van voorkomende en korrektiewe optrede geloods kan word.
 - Aktief belangstelling in die leerders se skoolwerk en ander skoolverwante aktiwiteite te toon en om dit vir die leerders moontlik te maak om hul verpligtinge in die verband na te kom.
 - Vergaderings van die Beheerliggaam en ander vergaderings, wat vir ouers belê is, by te woon.
 - Die departementshoof alleenlik oor enige grief of klagte wat met die skool verband hou te nader, indien die grief of klagte nie bevredigend deur die skool, te wete 'n opvoeder, die hoof of die Beheerliggaam opgelos kan word nie. Ouers het die reg om hul, onder andere, tot die Beheerliggaam te wend, indien daar onregmatig op leerders se regte (byvoorbeeld toediening van lyfstraf) inbreuk gemaak word.
 - Afsprake met personeel deur die hoof te maak. Ouers mag onder geen omstandighede personeel direk by hul klaskamers besoek nie.
 - Aandag te gee aan kennisgewings en omsendbriewe wat uitgestuur word.
 - Kennis te neem dat fondse wat deur fondsinsamelingsprojekte geïnisieer is, tot al die kinders se voordeel aangewend sal word. Fondsinsamelingsprojekte is vrywillig en nie verpligtend nie.
 - Kennis te neem dat as gevolg van beperkte parkeerarea, slegs personeelvoertuie binne die skoolgronde toegelaat word..
 - Leerders nie voor ingange op of af te laai nie.

16.2 Die rol van die opvoeders

- Elke opvoeder aanvaar en verstaan dat stappe om wangedrag te voorkom, verkieslik is bo stappe wat met wangedrag moet handel en ook dat elke leerder op basiese en gehalte onderrig geregtig is.
- Die beheer in klasverband berus in die eerste plek by die opvoeder.
- Die opvoeder moet verantwoordelikheid aanvaar om dissipline te handhaaf of om hulp te bekom waar nodig en om deurgaans redelik en konsekwent op te tree.
- Oefen beheer veral binne klasverband uit, deur goeie beplanning, bestuur en onderrig.
- Besef dat sekere gedragpatrone die gevolg is van leerders se groei- en eksperimenteringfase.
- Respek van leerders word verdien en kan nie afgedwing word nie.
- Leerders veral die reëls en standaarde, ook binne klasverband, nakom indien hul 'n rol in die samestelling daarvan vervul het.
- Leerders in die algemeen gunstig op veral positiewe aansporingsmaatreëls reageer
- Opvoeders in die hantering van wangedrag die reg het en professioneel daartoe verplig is om spesiale bystand van beraders en ander relevante kundiges asook die ouers te bekom.
- Remediërende stappe in verhouding met die tipe wangedrag wat gepleeg is moet wees.
- Ernstige wangedrag sonder versuim onder die aandag van skoolbestuur gebring moet word.
- Die kode konsekwent en streng toegepas en uitgevoer moet word.

- 'n Klimaat binne klasverband geskep moet word wat bevorderlik is vir die leerproses, onderlinge samewerking, belangstelling en begrip vir mekaar se behoeftes.
 - Die leerders moet weet watter optrede onaanvaarbaar is, waarom dit onaanvaarbaar is, wat die gevolge daarvan is en watter stappe nodig is om dit reg te stel ten einde 'n herhaling daarvan te voorkom.
 - Leerders aangemoedig en gehelp moet word om sukses te behaal en dat medeverantwoordelikheid daarvoor aanvaar moet word.
 - Daar altyd met die leerders se menswaardigheid rekening gehou moet word indien die kode, in geval van wangedrag, toegepas moet word.
 - Opvoeders erken, waar toepaslik, die ouers as vennote in die opvoedingsproses en strewende daarna om in harmonie met hulle saam te werk.
 - Opvoeders besef dat 'n opvoedkundige inrigting die gemeenskap dien en respekteer dus die verskillende gebruike, kodes en sienswyses van die gemeenskap.
 - 'n Opvoeder ondermyn nie die status en gesag van sy of haar kollegas nie.
 - 'n Opvoeder erken die onderskeie verantwoordelikhede wat aan kollegas opgedra is asook die gesag wat daaruit voortvloei om sodoende gladde funksionering van die inrigting te verseker.
 - Die korrekte kanale om gevalle van professionele onbevoegdheid of wangedrag te hanteer, word gebruik.
- In die professie**
- Erken die opvoeder dat sy of hy professionele pligte binne 'n konteks van samewerking met en ondersteuning van kollegas uitgevoer word, en tree dus so op dat dit die waardigheid en status van die professie bevorder.
 - Bly hy of sy op die hoogte van opvoedkundige denke en ontwikkeling.
 - Bevorder die opvoeder voortdurende ontwikkeling van die onderwys as beroep.
 - Weerhou hy of sy hom- of haarself daarvan om vertroulike en amptelike sake met ongemagtigde persone te bespreek.

16.3 Die rol van die leerders

- Die leerders van die skool verbind hulle daartoe om alle skoolreëls te gehoorsaam en begryp dat:
- Skoolreëls, ook veral dié van toepassing op skoolbywoning en afwesighede, daargestel word om ook die algemene organisasie van die skool en verhoudinge tussen die leerders onderling en tussen die opvoeders asook die hoof, te reguleer en om die opvoedingsproses in stand te hou en te handhaaf.
- Alle redelike opdragte van opvoeders, ook ten opsigte van studie en tuiswerk, nagekom moet word.
- Enige optrede van leerders wat tot die ontwrigting van die opvoedingsproses, ook binne klasverband, aanleiding kan gee, onaanvaarbaar is.
- Opvoeders deur leerders met die nodige respek en waardigheid aangespreek en behandel moet word en dat wedersydse en onderlinge vertroue, in belang van gehalte onderrig, nodig is.
- Skooleiendom en fasiliteite met die nodige sorg gebruik moet word. 'n Hoë standaard van professionele en etiese gedrag van opvoeders, rakende gehalte onderrig, verwag kan word.
- Enige optrede wat die beeld van die skool skaad, onaanvaarbaar is.
- Die Verteenwoordigende Leerlingraad nie die bevoegdheid of reg het om ander leerders te straf nie, maar dat hulle die belange van medeleerders in skoolverband moet bevorder en beskerm. Hulle moet ook medeleerders aanmoedig om deurgaans welvoeglik op te tree.
- Sigarette, alkoholiese drank, dwelmmiddels en pornografiese materiaal is verbode vir leerders.
- Immorele gedrag of godslastering is onaanvaarbaar.
- Die valse identifisering van sigself en die bewustelike en opsetlike verskaffing van valse inligting, of die vervalsing van dokumentasie is verbode.
- Geen bakleiery, boelie of intimidering word op of in die onmiddellike nabyheid van die skoolperseel of na skoolure toegelaat nie.
- Vryery of enige onbehoorlike fisiese kontak tussen leerders op die skoolterrein of in die openbaar, is verbode.
- Die besit of gebruik van 'n selfoon op die skoolterrein, tydens skoolure, word nie toegelaat nie.

16.4 Die rol van die Beheerliggaam

Die Beheerliggaam is daartoe verbind om, getrou aan die visie en missie van die skool, hul wetlik opgelegde bevoegdhede, ook dié wat op hierdie kode van toepassing is, in belang van die hele skoolgemeenskap, getrou en na die beste van hul vermoëns uit te oefen en na te kom.

17. BEKENDSTELLING, WYSIGING EN AFWYKING VAN DIE KODE

Die kode moet aan elke ouer, leerder en opvoeder vir kennisname voorsien word. Met uitsondering van aanpassings wat weens wetswysigings noodsaaklik en onvermydelik is, sal enige ander wysigings aan die kode slegs na raadpleging met die ouers, opvoeders en leerders geskied, indien wysigings die inhoud van die kode wesenlik raak. Die departementshoof is ook by magte om, in buitengewone omstandighede, af te wyk van die vereiste dat skorsing en uitsetting van 'n leerder slegs ten opsigte van ernstige wangedrag mag plaasvind.

- 18.** Die beginsel van **REDELIKHEID** word veronderstel in enige verhoudingstruktuur en is daarom ook die fondament waarop die Gedragskode van *Langenhoven Gimnasium* staan en funksioneer. Hierdie aanvaarde beginsel van redelikheid impliseer dat 'n ouer/voog die skoolbestuur en Beheerliggaam betyds en skriftelik in kennis sal stel in geval die Gedragskode bots of nie voorsiening maak vir die leerder se lewenswyse nie. Die Beheerliggaam sal 'n redelike versoek goed- of afkeur afhange van dit die beginsels van regverdigheid en konsekwentheid teenoor ander leerders nie benadeel nie en of beoordeel nie. Verder mag so 'n versoek nie leerderbeheer negatief beïnvloed of ontwrigting van enige aard hê vir die opleiding en onderrigprogramme nie.

Die Gedragskode is nie sonder leemtes en gebreke nie en sal seker nooit totaal alle fasette of detail kan bevat met betrekking tot die behoeftes van die hele skoolgemeenskap nie. Gevolglik word aanvaar dat die Gedragskode gewysig sal word weens veranderde omstandighede en volgens voorgeskrewe prosedures, en nie deur konflik as gevolg van verskillende sienswyses nie.

19. SKOOLREËLS

Punt 16.3 vorm deel van hierdie reëls. Skoolreëls is in belang van die algemene orde van die skool.

19.1 VOORKOMSREËLS

Trots en selfrespek word onder andere deur 'n mens se voorkoms bepaal en om hierdie rede word gepoog om deur eenvormigheid daartoe by te dra. Slegs die voorgeskrewe skooldrag is toelaatbaar. Sportbaadjies vorm nie deel van die skooldrag nie en mag daarom nie skool toe aangetrek word nie.

VERSKAFFERS VAN SKOOL- EN SPORTDRAG

DE JAGERS
OLIVIERSTRAAT15
OUDTSHOORN
6625

Telefoonnommer: (044) 272 8487

Faksnommer: (044) 272 6104

19.1.1 SKOOLDRAG VIR SEUNS (By verskaffers beskikbaar)**SOMER (Eerste, tweede en vierde kwartaal)**

- Wit skoolhemp met sakwapen. 'n Das moet saam met 'n langmou-dashemp gedra word.
- Grys lang- of kortskoolbroek.
- Grys kouse.
- Swart toeryskoene van gladde leer - nie stewels of skoene met gespes en gekleurde stiksels nie.
- Oortrektrui ("pull over")
- Die skoolbaadjie word Dinsdae met saalopening gedra.

WINTER (Derde kwartaal)

- Skoolbaadjie (*blazer*)
- Langmoutrui is opsioneel.
- Oortrektrui word onder die skoolbaadjie in die winter toegelaat.
- Wit das-hemp.
- Skooldas.
- Grys langbroek.
- Skoene en kouse soos by somerdrag.
- Donkerblou skoolserp is opsioneel.

19.1.2 SKOOLDRAG VIR DOGTERS (By verskaffers beskikbaar)**SOMER**

- Blou skoolrok (lengte: hoogstens 12 cm vanaf grondoppervlak, soos gemeet terwyl dogter op haar knieë staan).
- Wit hemp met oopslaankraag. 'n Das moet saam met 'n langmou-dashemp gedra word.
- Wit enkelsokkies.
- Swart toerygskoene of skoolskoene met bandjie.
- Donkerblou of swart haarrekkies, linte en haarknipies.
- Oortrektrui ("pull over").
- Die skoolbaadjie word Dinsdae met saalopening gedra.

WINTER

- Skoolbaadjie (*blazer*)
- Langmoutrui is opsioneel.
- Oortrektrui word onder die skoolbaadjie in die winter toegelaat.
- Wit das-hemp.
- Skooldas.
- Blou skoolrok en lang, swart kouse of grys langbroek (dogtersnit) en grys sokkies.
- Skoene soos by somerdrag.
- Donkerblou skoolserp is opsioneel.
- Donkerblou of swart haarrekkies, linte en haarknipies.

19.1.3 SKOOLSAKKE

- Die voorgeskrewe skooltas en rugsakke is by die verskaffer beskikbaar.
- Geen ander tasse word toegelaat nie.
- Slegs die leerder se naam mag op die buitekant van die tas aangebring word.

19.1.4 DRAG VIR LIGGAAMLIKE OPVOEDING (Komponent van lewensoriëntering)

- Donkerblou kortbroekie.
- Blou Gim-sporthemp.
- Sportskoene en kort wit, sokkies (opsioneel)
- Skoolsweetpakbroek (donkerblou) en sportbaadjie.

19.1.5 ALLE SPORTSOORTE

- Donkerblou kortbroek.
- Skoolsportsak.
- Donkerblou skoolsweetpakbroek.
- Sportbaadjie.
- Blou Gim-sporthemp.
- Kort donkerblou "ski-pants" onder rompie en kortbroek - opsioneel.

ATLETIEK

- Donkerblou kortbroekie ("poly shorts").
- Atletiekfrokke vir seuns en meisies.

TENNIS

- Blou Gim-sporthemp vir die seuns.
- Donkerblou broekie vir die seuns.
- Blou moulose Gim-hempie vir die dogters.
- Donkerblou rompie of sportbroekie vir die dogters.
- Kort, wit sokkies.

KRIEKET

- Blou Gim-sporthemp vir al die spanne behalwe die eerste span.
- Wit langbroek.
- Wit skoene.
- Wit kouse/sokkies

RUGBY

- Skool-rugbytrui.
- Donkerblou rugbybroek .
- Skool-rugbykouse.
- Rugbystewels

HOKKIE (DOGTERS)

- Blou, moulose Gim-hemp.
- Blou hokkieromp.
- Skool-hokkiekouse.
- Blou skoolbroekie.
- Hokkieskoene

HOKKIE (SEUNS)

- Blou Gim-hemp met moue.
- Blou skoolbroekie.
- Skool-hokkiekouse.
- Hokkieskoene

NETBAL

- Blou, moulose Gim-hemp.
- Blou netbalromp.
- Blou skoolbroekie.
- Sportskoene.
- Kort, wit sokkies.

19.2 ALGEMENE VOORKOMS VIR SEUNS**19.2.1 HARE**

- Hare moet netjies kort geknip wees.
- Direk om die ore moet dit skoon wees - die hare mag nie die ore raak nie.
- Die nek moet skoon geknip wees en die haarlyn mag nie die kraag raak in 'n normale staanhouding nie.
- Die hare langs die kant en agter mag nie regop gedra word nie. Die hare moet egalig skuius opgesny word sodat nie 'n rif langs die kant of agter vorm nie. 'n "Undercut" word ook nie toegelaat nie.
- Die voorkop moet oop en skoon wees en die kuif mag nie die wenkbroue kan raak wanneer dit af gekam word nie.
- Geen onkonvensionele style, soos byvoorbeeld 'n "mowhawk" of "punk" of gevlegde hare, ensovoorts word toegelaat nie.
- Die gebruik van jel word nie toegelaat nie.
- Enige vorm van haarkleur of "high lights" word nie toegelaat nie - die matriekafskied ingesluit.
- By oortreding van bogenoemde reëls sal die seuns huis toe gestuur word om sy hare te sny en mag eers terugkeer skool toe indien sy voorkoms voldoen aan die skoolreëls. Die koste daaraan verbonde is vir die rekening van die leerder en of sy ouer.

- Hierdie reëls geld ook vir spesiale dae wanneer leerders gewone klere mag aantrek asook vir sportgeleenthede.

19.2.2 BAARD

- Seuns wat skeer of baard het, moet elke dag skoon, glad en netjies geskeer wees.
- Wangbaarde ("sidewhiskers") mag nie verder as die middel van die oorgat strek nie.
- Geen stoppelbaard of snorre word toegelaat nie.
- Seuns wat nie geskeer is nie, sal versoek word om by die skool te skeer.

19.2.3 SKOENE

- Slegs swart, toe skoene word toegelaat.
- Slegs voorgeskrewe skoolkouse mag gedra word.
- Skoene moet skoongemaak en gepolitoer wees.
- Geen tipe tekkies word saam met skooldrag toegelaat nie.

19.2.4 HEMDE EN DASSE

- 'n Das moet te alle tye saam met langmouhemde gedra word. Die boonste knoop moet te alle tye vas wees en die dasknoop tot bo geskuif.
- Slegs voorgeskrewe skooldasse mag gedra word.
- Die moue van 'n langmouhemp mag nie in die somer opgerol word nie. By kortmouhemde wat sonder 'n das gedra word, mag geen deel van 'n onderhemp of T-hemp uitsteek nie.

19.2.5 BAADJIES EN TRUIE

- Slegs die voorgeskrewe skooltrui, oortrektrui, baadjie en matriekbaadjie mag gedra word.
- Die moue van die langmoutrui of baadjie mag nie opgestoot word nie.
- Die VRL dra VRL-baadjies.
- Leerders wat erekleure verwerf het dra die erekleure-baadjie.

19.2.6 JUWELE

- Slegs polshorlosies word toegelaat, geen hangertjies, juwele of enige tipe armband, ensovoorts word toegelaat nie
- Geen oorringetjies, -pennetjies, "gut", vislyn, ensovoorts word in enige plek in die oor toegelaat nie.
- Geen neus-, tong-, wenkbrou- of oorringe, ensovoorts word toegelaat nie.

19.2.7 LYFGORDELS

- Lyfgordels moet te alle tye by langbroeke gedra word en moet om "middel" van lyf vasgemaak word.
- Slegs bruin en swart lyfgordels, sonder handelsmerk gespes ("buckles"), word toegelaat.

19.2.8 SERPE

- Slegs die voorgeskrewe donkerblou skoolserpe mag in die winter gedra word - die dra van 'n skooldas bly verpligtend.

19.2.9 MUSSE EN HOEDE

- Die dra van musse word nie toegelaat nie.
- Slegs die voorgeskrewe pette mag tydens sportbyeenkomste gedra word.

19.2.10 NAELS

- Naels moet kort en netjies versorg wees.
- Geen naellak word toegelaat nie.

19.2.11 TATOEËERMERKE

- Die dra van enige vorm van tatoeëermerke is ontoelaatbaar.
- Bestaande tatoeëermerke mag nie sigbaar wees of onder enige kledingstuk uitsteek nie.

19.3 ALGEMENE VOORKOMS VIR DOGTERS

19.3.1 HARE

- Die kuif mag nie die wenkbroue raak nie. Lang kuiwe moet netjies vasgesteek word of met 'n donkerblou of swart "Alice band" of kopband wat nie wyer as 3 cm is nie, in posisie gehou word.
- Style wat nie volgens die reëls hanteer kan word nie, mag nie gedra word nie.
- Kort hare mag nie die onderste gedeelte van die kraag raak nie. Lang hare of hare wat aan die kraag raak, moet vasgebind wees of in 'n poniestert vasgemaak word. Gewone knippies of kammetjies mag gebruik word.
- Hare aan die kante wat oor die ore hang, moet vasgesteek word. Dit geld ook vir hare aan die agterkant wat stewig vasgemaak of vasgesteek moet wees.
- Hare mag geensins in slierte of in die gesig hang nie.
- Geen haarkleure of "high lights" word toegelaat nie. Die uitgroei van gekleurde hare word nie toegelaat nie - die matriekafskeid ingesluit.

- Hare moet natuurlik vertoon en mag nie "getease", "gejel" of 'n "wet look" hê nie.
 - By oortreding van bogenoemde reëls sal die dogters huis toe gestuur word om haar hare reg te kry en mag eers terugkeer skool toe indien haar voorkoms voldoen aan die skoolreëls. Die koste daaraan verbonde is vir die rekening van die leerder en of haar ouer.
 - Hierdie reëls geld ook vir spesiale dae wanneer leerders gewone klere mag aantrek asook vir sportgeleenthede.
- 19.3.2 VASMAAKMIDDELS
- Slegs een kleur knippie, kammetjie, lint, "Alice band" of kopband wat nie wyer as 3 cm is nie, mag op 'n slag gebruik word. Die voorgeskrewe kleure is donkerblou of swart.
- 19.3.3 JUWELE
- Slegs een ooring, -pennetjie, ensovoorts word in die onderste gaatjie van die oorbel toegelaat.
 - Slegs goue of silwer ringetjies of pennetjies word toegelaat. Die ringetjies se diameter mag nie meer as 2 cm wees nie.
 - Geen seëlringe, hangertjies of enige tipe armband, ensovoorts word toegelaat nie.
 - Geen neus-, tong-, wenkbrou- of oogringe, ensovoorts word toegelaat nie.
 - Geen vislyn, ensovoorts word in enige plek in die oor toegelaat nie.
- 19.3.4 GRIMERING
- Geen tydelike of permanente grimering word toegelaat nie.
- 19.3.5 NAELS
- Die wit gedeelte van die naels mag nie langer as 2 mm wees nie.
 - Slegs deursigtige, kleurlose naellak mag saam met skool- of sportdrag gedra word.
 - Geen kunsnaels word toegelaat nie.
- 19.3.6 ROKKE
- In 'n knielende posisie, mag die rok nie hoër as 12 cm bokant die grond wees nie.
 - Grys dogterslangbroeke mag slegs gedurende die winter gedra word.
 - Kort sportbroekies soos deur spesifieke sportsoorte vereis, mag slegs tydens sportoefeninge en -wedstryde gedra word.
 - Fietsry- en ski-broeke mag slegs met 'n kortbroek bo-oor gedra word. Fietsrybroeke mag wel tydens wedrenne gedra word.
 - Dogters moet te alle tye goeie smaak aan die dag lê en toesien dat hulle kleredrag, veral in die somer, nie 'n verleentheid skep nie.
- 19.3.7 BAADJIES EN TRUIE
- Slegs die voorgeskrewe skooltrui, oortrektrui, baadjie en matriekbaadjie mag gedra word.
 - Die moue van die langmoutrui of baadjie mag nie opgestoot word nie.
 - Die VRL dra VRL-baadjies.
 - Leerders wat erekleure verwerf het, dra die erekleure-baadjie.
- 19.3.8 HEMDE EN DASSE
- 'n Das moet te alle tye saam met langmouhemde gedra word. Die boonste knoop moet te alle tye vas wees en die dasknoop tot bo geskuif.
 - Slegs voorgeskrewe skoordasse mag gedra word.
 - By kortmouhemde wat sonder 'n das gedra word, mag geen deel van 'n onderhemp of T-hemp, uitsteek nie.
- 19.3.9 SERPE
- Slegs die voorgeskrewe donkerblou skoolserpe mag in die winter gedra word.
- 19.3.10 SKOENE
- Slegs swart skoolskoene met veters of 'n bandjie oor die voet word toegelaat.
 - Slegs voorgeskrewe skoolkouse mag gedra word.
 - Gedurende wintertye of koue dae mag die dogters swart "Tights" - kouse dra. Indien kort kousies daarmee saamgedra word, mag dit nie sigbaar wees nie.
 - Skoollangbroeke mag slegs as wintersdrag gedra word.
 - Skoene moet skoongemaak en gepolitoer wees.
 - Geen tipe tekkies of plakkies word saam met skooldrag toegelaat nie.
- 19.3.11 TATOEËERMERKE
- Die dra van enige vorm van tatoeëermerke is ontoelaatbaar.
 - Bestaande tatoeëermerke mag nie sigbaar wees of onder enige kledingstuk uitsteek nie.

19.4. KLASBYWONING

'n Bevorderlike klaskameratmosfeer vir studie moet te alle tye heers.

- 19.4.1 Tydens afwesigheid van die onderwyser, word ordelike gedrag in die klaskamer verwag.
- 19.4.2 Klaswisseling moet vinnig en volgens die voorgeskrewe roetes geskied.
- 19.4.3 Enkel rye en 'n lae geraasvlak is noodsaaklik, ook tydens uitstap vir pouses en verdagting.
- 19.4.4 Leerders mag nie in die gebou hardloop nie.
- 19.4.5 Daar moet links gehou word in die gange en tas aan moet die regterkant gedra word, weg van mure en relings.
- 19.4.6 Etery tydens klaswisseling en klastyd is ontoelaatbaar. Kougom is verbode op die skoolterrein.
- 19.4.7 Kleedkamers mag nie tydens klaswisseling besoek word nie. In 'n dringende geval moet verlof by die volgende klas se onderwyser verkry word.

19.5. POUSES

- Klaskamers, gange en die skoolsaal is voor en na skool en tydens pouses verbode terrein, tensy 'n onderwyser reël dat leerders daar moet wees.
- Die toegelate terrein tydens pouses is die vierkant, die terrasse bokant die koshuisgrond en die grasperk voor die skool, oos van die administratiewe kantoor.
- Op reëndae mag leerders tydens pouses in die grondverdieping se gang en die onderdak-gedeelte van die vierkant vertoef.
- Net die toilette agter die saal mag gedurende pouses besoek word.
- Dogters het voorkeur vir die gebruik van die banke/stoele in die vierkant.
- Geen fisiese kontak tussen leerders is op die skoolterrein toelaatbaar nie, ook nie op enige ander plek in skoolklere nie.
- Gedurende skoolure mag leerders nie die skoolterrein sonder die verlof van die skoolhoof verlaat nie.
- Koshuisleerders mag nie sonder toestemming gedurende skooltyd na die koshuise gaan nie.
- Geen kontak met, of aanmerkings teenoor persone buite die skoolterrein mag gemaak word nie.
- Besoekers moet eers by die administratiewe kantoor aanmeld en toestemming kry om 'n leerder/personeellid te spreek of in die skoolgebou te beweeg.
- Tasse mag nie in die gange gelos word nie - leerders moet dit by hulle hou.

19.6 SAALBYEENKOMS

Saalbyeenkomste vind elke Dinsdag plaas, maar daar word van tyd tot tyd ander geleenthede gereël.

Leerders moet:

- netjies, in skooldrag, geklee wees en 'n skoolbaadjie dra.
- flink instap.
- stil gaan sit.
- goed luister tydens die verrigtinge.
- applous (sonder fluite en lawaai) gee wanneer dit gepas is.
- opstaan wanneer volwassenes binnekom en
- personeel en/of besoekers eerste laat uitstap.

19.7 VOERTUIG/FIETSE OP DIE SKOOLTERREIN

- Geen motorvoertuig (ook motorfietse) mag sonder die skriftelike verlof van die skoolhoof op die skool-, koshuis- of sportterrein deur 'n leerder bestuur word nie. Verlof sal slegs in hoogs uitsonderlike gevalle toegestaan word.
- Motorfietse mag wel langs die kortste roete tot op 'n voorgeskrewe parkeerplek bestuur word, waar dit vir die duur van die skooldag gelaat moet word.
- Fietsryers mag slegs die Noordstraat-hek by die werksinkels as in- of uitgang gebruik.
- Fietsryers mag nie die Scheepersstraat-hek of Noordstraat-hek by die koshuise as in- of uitgang gebruik nie.
- Fietse moet, na skool, teen die bult na die sportgronde gestoot word.
- Ons versoek ouers om nie hulle kinders tydens die begin én aan die einde van die dag op die skoolterrein af te laai óf op te tel nie.

20. DISSIPLINÊRE STELSEL EN SANKSIES

Wangedrag word volgens die SA-skolewet in DRIE groepe geklassifiseer: Algemene wangedrag, ernstige wangedrag volgens Skedule 1 en meer ernstige wangedrag volgens Skedule 2. (Punt 4 van gedragskode).

Na aanleiding van bogenoemde is die strafpunte (Bylae A) bepaal. Die sanksies word in Bylae B aangedui. Die volgende oortredings word anders as in Bylae A en B hanteer en kan lei tot skriftelike waarskuwings en/of dissiplinêre verhore:

- Alkoholverwante oortredings
- Aanranding
- Bakleiry
- Benadeling van skool se beeld
- Besit van gevaarlike wapens
- Dwelmverwante oortredings
- Diefstal
- Ernstige wangedrag volgens Skedule 1 en Skedule 2
- Oneerlikheid tydens toetse en eksamens
- Pornografie
- Rassisme
- Rookverwante oortredings
- Seksueelverwante oortredings
- Vandalisme
- Wapenverwante oortredings

- 20.1 Dit bly die diskresie van die skoolhoof om te besluit of die ouers, na gelang van die erns van die oortreding, onmiddellik ingelig moet word.
- 20.2 Prosedures met dissiplinêre verhore verskyn onder punt 7 van die gedragskode. Daarvolgens moet 'n leerder en sy ouers VYF dae vooraf ingelig word van die dissiplinêre verhoor.
- 20.3 Waar 'n leerder deur sy voortgesette teenwoordigheid by die skool, vir watter rede ook al, 'n onmiddellike gevaar en bedreiging vir enige persoon binne skoolverband skep, of binne skoolverband die leerproses deur sy of haar optrede op 'n wyse ontwrig wat voortsetting van die leerproses onhoudbaar maak, ens. volgens die oordeel van die hoof tydelike skorsing regverdig, kan die leerder sonder versuim, deur die hoof, soos voorgeskryf, tydelik geskors word.